

James Reid het skoonskip gemaak in die Trans Hajar in Oman.



Terug in die alom bekende wegspringblokke!

MARK LLOYD

Sodra jy inspring met die harde Desember en Januarie se oefenweke, voel dit altyd asof die eerste wedrenne en fiksheid ligjare weg is, skryf **Erik Kleinhans**, maar dit is ongelooflik hoe vining die tyd vlieg onder die invloed van 'n paar weke se sweet en middagslapies.

Voor jy weet, mik 'n geharde Oudtshoorn-boer sy groot geweer in die lug vir die wegspring van ons eerste resies van die jaar, die Attakwas.

Die Fairview Attakwas Extreme bergfietsresies is een van die hardstes op die Suid-Afrikaanse kalender en altyd 'n bietjie van 'n skok vir die liggaam as ons eerste wedren, maar na 'n paar weke se oefen is dit so verfrissend om iets anders te doen en bietjie te sien hoe die liggaam die oefenritte geabsorbeer het. Net so is dit altyd lekker om saam met die res van die RECM-span te reis en daar is altyd 'n goeie gees rondom die etenstafel.

Die resies en ek het 'n eienaardige verhouding, en ek is seker die meeste van die mense wat dit gereeld doen, deel my sentiment! Die laaste twee jare het dinge baie goed gegaan, maar mens kan nie te gemaklik raak deur die Attakwas-kloof nie. Die jaar het ek weer geleer

om die resies met respek te hanteer want hy breek jou maklik! Dit was nog steeds 'n prettdag op die fiets en ek's nie te teleurgesteld in my 7de plek nie, en Ariane het na vyf jaar en vyf pogings haar vyfde titel ingepalm.

So tussendeur hierdie begin van die jaar se wedrenne deur het ons RECM-span darem ook die geleentheid gehad vir so bietjie spangees bou, grootliks te danke aan ons spanborg, die "Hospitality Property Fund", kon ons 'n paar dae by die Arabella Hotel en Spa deurbring, vir oefen, foto-sessies, ontspan en die aller belangrike strooi-praatjies. Dit is opgevolg deur 'n spanbekendstelling by die ON19 restaurant by die Westin in die

"Maar meer belangrik is die gevoel om vir 50km voor te jaag met slegs voormalige wereldkampioen, Alban Lakata, as geselskap."



Erik het tweede agter Alban Lakata by die Meerendal Nasionale MTB reeks wedren geëindig.

ZOON CRONJE | NIKON

Moederstad waar die wynrekening 'n duidelike aanwysing was dat die aand 'n reuse sukses was!

Ons Kapenaars was weereens geseënd die jaar met die eerste SA Nasionale Marathon, van sewe, in ons agterplaas by Meerendal. 'n Nuwe wedren, en volgens my 'n groot sukses, met die Durbanville-roetes wat gepronk het op die dag en die pragtige ou plaasgeboue as agtergrond vir die begin, einde en prysuitdeling.

Persoonlik kon ek nie meer gelukkig wees met my tweede plek nie, veral as die enigste Suid-Afrikaner in 'n besonderse stergevulde top vyf! Maar meer belangrik die gevoel om vir 50km voor te jaag met slegs voormalige

wêreldkampioen, Alban Lakata, as geselskap.

Met die resiesseisoen nou goed aan die gang, is ons RECM-span besonders goed op dreef, met James Reid wat skoonskip gemaak het in die vyf-dag Toer van Hajar in Oman en Cherise met 'n wonderlike silwer medalje by die SA padkampioenskappe, sien ek uit na die res van die jaar! **FS**



Scan this QR code to read the article in English on www.fullsus.co.za



RECM se **Erik Kleinhans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy is nou die eienaar en kaptein van die RECM bergfiets span,

en moet net so hard werk op die span admin as op sy oefening. Volg hom op Twitter by @erikkleinhans.